

Sing vooraf staande: Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 42:1 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?

Gebed

Amen.

Psalm 25:7 (p. 117)

- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Skriflesing: Matteus 15

Teks: Matteus 15:19; Kategismus Sondag 40

**Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery,
diewery, valse getuienis, lastertaal. (Matteus 15:19 AFR53)**

Die dinge wat 'n mens onrein maak, en wat ons in die moeilikheid by die Here bring, kom uit
ons eie harte uit. Die dinge wat ons uitdink en waaroor ons loop en broei, is baie keer die
fontein wat 'n stroom van sondes na vore bring.

Die Here ken ons harte en Hy weet presies wat daar diep binne-in ons aangaan.

- Onder die indruk daarvan kyk ons vanaand na die verbod op doodslag.
- Ons kyk daarna uit drie verskillende hoeke, naamlik:

1. Die werk van die doodslaner

2. Die hart van die doodslaner

3. Die bekering van die doodslaner

1. Die werk van die doodslaner

Daar is sekerlik nie iets wat 'n mens kan doen wat jou innerlike boosheid en ons natuurlike geneigdheid om God en ons naaste te haat, meer demonstreer as moord nie.

- Dit is 'n daad wat boosheid en haat teen God en ons naaste bewys.
- 'n Moordenaar skend God se hoogste werk in die skepping – die lewe wat Hy aan die mens toegeken het.

Wat die betrokke sonde baie grof maak, is die feit dat die mens wat hierdie oortreding begaan sy eie koningsbeeld net soveel besoedel as wat hy die ander persoon se koningsbeeld vernietig deur hom dood te maak.

- Hy vlek sy eie lewe met eienskappe wat eie is aan die hel, soos bloed, tranes, angste en die argwaan van die gemeenskap.
- 'n Mens sou baie kante toe kon redeneer oor hierdie saak, maar die antwoord sal elke keer wees dat 'n moordenaar die beeld van die duiwel vertoon, want die Here Jesus noem die duiwel 'n mensemoordenaar.

Daar is baie verskillende maniere van moord pleeg.

- Jy hoef nie net iets te doen soos om iemand dood te skiet of met enige ander voorwerp van die gras af te maak nie.
- Jy kan 'n hele klomp geestelike sondes ook pleeg wat tel vir moord, soos byvoorbeeld om iemand te beswadder of om hom met iets wat jy beplan leed aan te doen.

Ons sal dit dalk nie maklik glo nie, maar dit is inderdaad so dat die Here allerhande dinge wat ons as redelik middelmatig beskou, soos listigheid en haat en skinder en om iemand te vloek, in sy raad beskou as moord.

- Onverskilligheid en roekeloosheid waarmee iemand sy eie lewe in gevaar stel, tel by die Here ook onder hierdie hoof.
- Die Bybel is ook baie duidelik daaroor dat die mense wat sulke sondes doen daarvoor rekenskap sal moet gee.
- Daar is baie Bybelgedeeltes wat u sou kon raadpleeg om hierdie perspektief te kry (bv. Sagaria 8:17; Efesiërs 4:31; Spreuke 12:18; Psalm 15:1; Psalm 55:22; Jeremia 12:8; Levitikus 19:17; Levitikus 24:19 en Eksodus 21:18, 19).

Daar is baie voorbeelde van mense in die Bybel wat vooraf moord uitgedink en beplan het en wat duidelik nie die Here se guns geniet het nie, soos byvoorbeeld

- Kaïn,
- Saul,
- Absalom en
- Herodus.

Omdat moord vir die Here 'n baie ernstige saak is, stel die Here 'n baie duidelike straf in vir hierdie sonde. Die beginsel is dat die Here lewe met lewe beskerm, daarom gee die Here op verskillende plekke in die Bybel die opdrag dat iemand wat moord pleeg, doodgemaak moet word.

2. Die hart van die doodslaner

Vanaand moet ons sien hoe hierdie dodelike invloed wat die duiwel op mense het, sy rol gespeel het in die veroordeling en kruisiging van die Here.

- Mense se emosies het met hulle op hol gegaan.
- Haat en onverdraagsaamheid het onder hulle begin posvat en die uiteinde van die saak was dat al die innerlike sondes so opgebou het dat dit uitgeloop het op die fisiese kruisiging van die Here Jesus Christus.

Die probleem waarmee ons sit, is dat die Here in ons harte inkyk en dat selfs die donkerste hoekies van ons gedagtegang vir die Here heeltemal deursigtig is. In sy alwetendheid weet die Here dat ek aan heiligheid kortkom.

Ons moet net altyd daarvan bewus wees dat die Here baie bewus is van ons nydigheid teenoor ander mense.

- Hy weet van ons wraakgedagtes teenoor mense wat ons te na gekom het.
- Net so weet Hy ook van die innerlike woede waarmee ons dikwels teenoor ander mense rondloop.

Volgens die Bybel is ons al op 'n baie vroeër stadium 'n moordenaar as wat ons dit van die buitekant af sien.

- Hy wag nie totdat ons eers fisies iemand doodgemaak het nie.
- Hy sê dat iemand wat sy broer vloek, en vir hom Raka! sê al daarvoor gestraf sal moet word.

Is dit nie so dat as ons self hieroor dink, ons soms vir onself vreemdelinge is nie?

- Ons is soms self verbaas oor al die bitterheid wat in ons opkrop.
- Dink veral ook oor die afmetings wat dit in ons gedagtes aanneem.

Dit is in sulke tye dat ons moet besef dat ons self die oorsaak is van hierdie bitterhede en wroeging wat in ons lê.

- Want dit is verwaandheid wat maak dat ons wil wraak neem op mense wat ons verontreg het,
- of wat maak dat ons mense haat terwyl dit die Here se uitdruklike bevel is dat ons moet liefhê.
- Die punt is net dat ons moet besef dat ons in konflik met die Here kom wanneer allerhande wraakgedagtes en woede en haat teen ander mense hulle in ons binnekante vestig.

Veral in al die gebeurtenisse rondom die kruisiging was dit baie duidelik dat al hierdie innerlike onvergenoegdhede die aanleiding was dat die kerkvolk hulle perspektief op die waarheid verloor het en die Seun van God doodgemaak het.

- Dit was 'n duidelike demonstrasie van die duiwelsheid wat in hierdie sondes vasgevang sit.
- Daardie gebeurtenis toon ook duidelik aan dat ons nie heeltemal in staat is om woede en hatigheid in toom te hou nie, en daarom is daar net een eerbare pad oop – ons moet sulke gedagtes en sondes uit ons uitsny en dit vermy.

In die Here se onveranderlike regverdigheid gaan hierdie sonde van moord en al sy familieledede, soos haat en bakleiery en rusies, gestraf word.

3. Die bekering van die doodslaner

Dit is uiters nodig dat ons almal diep en ernstig moet besin oor hierdie gebod wat leer dat ons nie mag doodslaan nie. As ons nie oor hierdie gebod besin nie, sal ons nooit van hierdie sonde bekeer word nie, en sal ons in talle sondes bly voortlewe.

U moet altyd onthou dat dit moontlik is om ook van hierdie sonde tot bekering te kom, en ook dat iemand wat moord gepleeg het, vergewing van hierdie sonde by die Here kan kry.

- 'n Voorbeeld is die geskiedenis wat in Genesis 34:7, 25 beskryf word:
 - Die Sigemiete het Dina verkrag.
 - Nadat 'n verbond met hulle gesluit is, het Simeon en Levi teruggegaan en al die mans doodgeslaan.
 - Jakob was baie bitter hieroor, maar die vergifnis blyk baie duidelik daarin dat die stam van Levi tog deur die Here benoem word as die priesters wat sy genade aan sy volk moet bedien.

Die genade is juis dat ons deur die Here Jesus en die Heilige Gees vernuut word om daaglik tot bekering te kom.

- Die Here gee aan ons lewe – ewige lewe.
- Om dit vir onself toe te eien moet ons die eienskappe van die ewige lewe dra, onder andere om presies die teenoorgestelde as doodslag te doen, naamlik om in harmonie en liefde met God en ons naaste te lewe.

Bekering is moontlik, want deur die kruisdood lewe ons onder die inspraak en leiding van God die Heilige Gees.

- Hy laat ons sien hoe haat en nyd mense ongelukkig maak.
- God die Heilige Gees leer ons om daarom liever die kwaad na te laat en die goeie te doen.
- Dit is tog nie 'n onmoontlike eis nie – dit vra net baie eerlike selfondersoek en 'n baie sterk wil tot bekering.

Dit is waar die Nagmaal waarvoor ons al weer begin voorberei, inpas.

- Met hierdie sakrament versterk die Here Jesus ons om moed te hou in ons stryd teen hierdie sonde.
- Ons moet in sy liefde en vriendelikheid vorentoe gaan in die lewe.

Kom ons stel dit anders: Ons bekering moet gesien kan word.

- Ons moet sigbaar anders wees as die wêreld.
- Daar buite is haat en wraak aan die orde van die dag.
- Sulke mense verhef hulle nie in die genade van die Here in nie. Hulle sak uit in die skuim van die hel in.

Ons moenie so lyk nie en ook nie so lewe nie. Die Here Jesus Christus verseker ons juis dat ons deur Hom herstel is om die liefdesgebod te kan nakom.

Dit is natuurlik nie maklik om die gebod te kan gehoorsaam nie, want die duiwel val ons in hierdie tyd met meer toegewydheid aan as ooit, want hy besef baie goed dat sy dae min is.

- Maar ons moet ons nie daardeur van stryk laat bring nie.
- Ons moet voortdurend terugwing in die Woord van die Here in, en Hom navolg.

Dink hier byvoorbeeld aan die woorde van Romeine 12:18-21:

... as dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (Romeine 12:18-21 AFR53)

Kom ons lees Kategismus Sondag 40 saam.

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste oonteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:10 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 12 Januarie 2014